Junie / June 2024

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Jesaja 11 vers 2: "En op Hom sal die gees van die Here rus, die gees van wysheid en verstand, die gees van raad en sterkte, die gees van kennis, en van die vrees van die Here."




Foto krediet: Jan-Hendrik Swiegers

# SSK EN HUMANSDORP LANDBOU KOÖPERASIE VAT HANDE

Die goedkeuring van die Mededingings Tribunaal van die samewerking- en uiteindelike samesmelting ooreenkoms tussen SSK en Humansdorp Landbou Koöperasie (HLK) is 'n groot oorwinning vir die voortbestaan van die koöperatiewe model in Suid-Afrika. Die koöperatiewe ondernemingsvorm is gerig op die bevordering van die belange van lede en gemeenskappe in die koöperasie se bedieningsgebied. SSK fokus reeds sedert sy ontstaan in 1931 hierop. Met dié ooreenkoms word verseker dat landboubates in die besit van landbouers bly. Verder vergroot SSK en HLK hul voetspoor om die Overberg, Tuinroete, Langkloof, die Karoo en die Oos-Kaap in te sluit. Van Robertson in die weste tot Umtata in die ooste, die Tuinroete in die suide tot Aberdeen, Lady Frere en Somerset-Oos in die noorde. Die voetspoor sluit groot sentras soos George, Gqeberha, Oos-Londen en Umtata in.

SSK and HLK are neighbours and have always maintained very good relations. Francois Swanepoel, (SSK CEO) says that farmers are always looking at ways to expand their own businesses and the best farm a farmer can acquire will always be the neighbouring farm. It is no different with agricultural organisations like SSK, as growth is essential in order for it to remain relevant. The two Co-ops furthermore share the same core values and principles, factors that enhanced and simplified the transaction. SSK's mission, namely "to ensure the prosperity and survival of the organisation and its members by promoting growth and diversification, whilst maintaining stability," is closely related to the mission of HLK which is to ensure the profitability of its members and the development of its communities and environment on a sustainable basis.

SSK is ook baie opgewonde oor die verkryging van die bedrywighede van die landbou-kleinhandel onderneming Umtiza Farmers Corp, 'n publieke maatskappy, wat tans deel vorm van HLK. Die naam verwys na die skaars Umtizaboom wat net soos die onderneming sy wortels in die Oos-Kaap het. Umtiza fokus op dienslewering aan opkomende boere en bied baie uitbreidingsmoontlikhede vir die toekoms.

Francois Swanepoel en Rikus Vorster, die Hoof Uitvoerende Beamptes van SSK en HLK is trots daarop dat die 2 ondernemings deel kan wees van hierdie proses om landbou in die Wes-, Suid- en Oos-Kaap te bevorder tot voordeel van hul lede, landbou en die res van Suid-Afrika. Daar word uitgesien na die volgende dekades van Werk saam en Wen saam.



**Francois Swanepoel**
Hoof Uitvoerende
Beampte SSK






**Rikus Vorster**
Hoof Uitvoerende
Beampte HLK

# SSK HANDEL KUIER BY HLK HANDEL




**Agter v.l.n.r: Danie Slabbert (Waarnemende Hoofbestuurder: Bedrywe en Aankoop Bestuurder HLK), Francois Loots (Hoofbestuurder: Kommersieel SSK), Karen Nel (Produkreeksbestuurder SSK), Andre du Plessis (Produkreeksbestuurder SSK), Naomi Engelbrecht (Handel Bestuurder Admin SSK), Jaco Labuschagne (Handel Bestuurder Brandstof SSK), Francois Moller (Handel Bestuurder Operasioneel SSK), Johan le Roux (Bestuurder Aankope: Handel SSK), Dewald Meyer (Produkreeksbestuurder SSK), Annaré Swart (Junior Produkreeksbestuurder SSK)**

**Voor v.l.n.r: Pine Pienaar (Handelbestuurder: Kareedouw + Langkloof HLK), Francois Steyn (Bestuurder: Handel HLK), André Burger (Senior Bestuurder: Handel SSK), Rudi Fick (Senior Admin beampte: Handel SSK)**

# MEYER & BEATE JOUBERT VAN JOUBERT-TRADAUW WYNKELDER

Ek besoek Meyer en Beate Joubert op die R62 digby Barrydale in die pragtige Tradouw vallei, op 'n perfekte herfsdag in middel Mei 2024.

Die wynkelder is op die plaas Vleiplaas, aangrensend aan die ander Joubert plase - Lentelus, Op-de-Tradouw en Sandrivier. Die tafel staan reeds gedek onder 'n groot akkerboom toe ek daar aankom, maar ek en Meyer ry eers 'n draai met sy bakkie. Die Jouberts is sedert 1947 SSK-lede en die verloop van tyd vertel 'n interessante en dinamiese storie.

Meyer vertel dat volgens oorlewering, sy oupa Schalk Joubert in die dertigerjare begin voel het Wellington raak te besig vir hom. Omdat hy nog altyd 'n sagte plek vir die Karoo gehad het, het hy op die R62 (toe nog 'n grondpad) langs gery om 'n ander plaas te soek. Hy was verwonderd oor die water wat van die Langeberge afgestroom het na onder wat vandag Sandrivier-plaas is. Schalk was sy tyd vooruit en het reeds in daardie vroeë jare die waarde van water vir die nageslag besef. Die plaas van die De Villiers-familie, Lentelus was die eerste plaas wat hy in die middel dertigs gekoop het. Daarna volg Sandrivier wat die Jouberts toegang tot water gegee het. Vandag is daar 3 damme op die plaas wat sorg vir besproeiing op al die plase. Die goeie reëns in September, Oktober en November 2023 het gesorg vir vol damme aan die begin van die winter 2024.

> ***"Hy is 'n boer wat sy biosfeer baie goed ken en bestudeer..."***

Na Meyer se studies in Wingerdbou by Elsenburg werk hy en Beate vir drie jaar in die Napavallei in Kalifornië. Hier word sy jongseun-drome om sy eie wyn in die Tradouw-vallei te maak verder versterk en hulle keer terug na Suid-Afrika vol planne en 'n gedeelde passie om dié droom te bewaarheid. Soos ons ry vertel Meyer dat die plase in 'n kom lê. Die rante waar die koel wind gereeld waai is perfek vir wingerde (veral die suidelike hange) en die kom is weer uiters geskik vir appels (laat Sundowner), pere (Forelle) en nektariens. Hy het ook baie sukses met wortel-en uiesaad wat hy na Japan toe uitvoer. Hy is 'n boer wat sy biosfeer baie goed ken en bestudeer en sy Angus-stoetery sorg vir mis waar die grond dit kortskiet. Meyer beïndruk my tydens ons bakkierit. Hy het 'n groot respek vir die natuur en praat met 'n passie en entoesiasme wat aansteeklik is. Hy vertel dat daar weinig bome op die plaas was met sy terugkeer vanaf Amerika. Vandag spog Vleiplaas met 'n menigte akkerbome, platane en selfs 'n paar American Redwoods. Ek staan verstom oor hoe hoog die bome in 18-jaar gegroei het. 'n Nalatenskap vir die Joubert kinders en die nageslagte wat kom.



**Meyer en Beate en hulle 4 kinders v.l.n.r: Katerien, Julia, Andreas en Lena.**

In 1998 bou die Jouberts 'n fermentasiekelder op Vleiplaas en hul drome begin gestalte kry. Ek het op goeie gesag van 'n Suid-Afrikaanse wynmeester gehoor dat Meyer se wyne nie hoef terug te staan vir die heel beste wat die nasionale- en internasionale mark kan bied nie en Tim Atkin ('n Britse wynmeester) het opgemerk dat Meyer se wyne "an undiscovered gem" is.

Beate Joubert is die skrywer van die boek "Proe die Klein-Karoo", (wat ook in Engels vertaal en 4 keer herdruk is). Haar befaamde tapasborde is alombekend. Sy het in top restaurante in Europa en Amerika gewerk en geleer om kos en wyn op 'n outentieke en unieke manier aan te bied. Haar kos en die Joubert-Tradauw uitsoek wyne komplementeer mekaar perfek. Gaan sit gerus by Deli Alfresco onder die akkerboom en proe die Chardonnay, Syrah en Cabernet Franc Reserwe asook die R62-versnitwyn wat die Jouberts gevestig het as hul eerste wyn in 1999.

Die oorspronklike spelling van Tradauw kom van die Khoi frase "tarras duo" wat verwys na die voetpad van die Khoi vrouens geneem het om met hulle goedere by Witsand te gaan handeldryf. In die geval van Meyer en Beate het alle paaie terug na Joubert Tradauw gelei. As jy een keer daar ingedraai het, die tapas of pizzas en die wyn geproe het, sal jy vir seker daardie pad weer-en-weer neem.

*- Annelie van Wyk*
*Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie*



# LANGDIENS ERKENNING

**40 JAAR:** Elbie Hoon
**35 JAAR:** Gerda Geldenhuys
**25 JAAR:** Andrew Makriega, Gerdus Steyn
**20 JAAR:** Isaac Treurnicht, Melvin Pieters, Attie Geldenhuys, Ralph Kleinhans
**15 JAAR:** Yolande Mels, Tholakele Makapani, Agnetha Windvogel, Abeda Gertse, Christover Philander
**10 JAAR:** Curtis Pieters, Rubin Davids, Louis van Papendorp, Redowaan Mert, Doney Henecke, Johanna Moses, Evelincia Hendricks, Marianne van Eeden, Celvin Basson, Jeremey Modiya, Johannes Samboe, Mbulelo Gaqavu, Zilindile Lengs, Anwha Oerson



**Die Admin span van Heidelberg vier 'n uitsonderlike prestasie. Elbie Hoon, Rekenmeester (middel) is al 40 jaar werksaam by SSK.**



**Alwyn Burger, Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne, wens Gerda Geldenhuys, Senior Beampte: Menslike Hulpbronne, geluk met 35 jaar diens.**



**Herbert Streicher, Senior Bestuurder: Informasie Tegnologie, wens Maria Matthysen, Skakelbord Operatrise/Admin Beampte, geluk met 30 jaar diens.**



**Pieter Malan, Hoofbestuurder: Graandienste (regs), wens Gerdus Steyn, Senior Bestuurder: Saad, geluk met 25 jaar diens.**



**Ryno van der Merwe (Takbestuurder: Agriland Heidelberg) wens Andrew Makriega (Algemene Werker) geluk met 25 jaar diens.**




## Jaco du Plessis (Kredietbestuurder)

het onlangs wortel geskiet in Avontuur vanwaar hy kredietbestuur in die Langkloof- en Karoo gebied sal behartig. Hy het matriek by Hoër Landbouskool Marlow buite Cradock voltooi waarna hy 'n jaar in Amerika op 'n Saalperdplaas gewerk het. Na 'n seisoen in Amerika het hy by die Noordwes Universiteit 'n B.Com Landbou Ekonomie (Risiko-bestuur) graad, sowel as 'n Honneurs graad in Landbou Ekonomie behaal. Landbou is na aan sy hart.

Hy sluit aan die begin van 2023 by SSK se Kredietspan op Swellendam aan en is sedert Januarie werk- en woonsaam op Avontuur. Hy en sy vrou Ané is in Maart 2024 getroud. Sy het intussen 'n pos aanvaar by die Uniondale Akademie Stigting. Die egpaar is voorwaar 'n aanwins vir die gemeenskap!

# JASON SMITH

## Bedyfsbestuurder: Graandienste

**VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN**

Ek is gebore in die Rosestad Bloemfontein, waar ek matriek voltooi het by Hoërskool Sentraal. My lewensmaat Lindie is ook in die graanbedryf werksaam en ons is geseënd met twee pragtige seuns Luwandrè (4 jaar oud, 'n Vrystater) en Reinhardt (1 maand oud, 'n Wes-Kapenaar). Tot my spyt gaan daar 'n paar verskillende rugbytruie in ons huis gedra word.

**WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?**

Daar is soveel mooi om te sien hier in die Wes-Kaap en ons hou daarvan om as gesin te ry en die omliggende gebiede te verken. Ons gunsteling uitstappie is om na Buffeljagsrivier toe te gaan vir 'n roosterkoek en melk-skommel waar die kinders lekker kan speel.

**KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER**

Direk na skool begin ek werk by die OVK silo's as 'n leerling-graan gradeerder. Ek het begin by die Clocolan silo's teen die Lesotho grens waar ek my wortels in die graanbedryf ingegrawe het. In 2017 het ek by Senwes aangesluit in Noord-Wes, waar ek gevorder het tot Silobestuurder. Ek was in die volgende paar jaar bevorder na 'n posisie waar ek verantwoordelik was vir die veilige opberging van graan by 80 silo's. Ek het die beste besluit tot nog toe gemaak om in April 2023 aan te sluit by die SSK-familie as Operasionele Bestuurder van die Graan afdeling.

**GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE**

Elke doelwit wat ek gedurende my loopbaan bereik het, is my grootste prestasie. Daar is geen beter gevoel as om jou doelwitte te stel en dit te kan bereik nie. Dit was ook 'n wonderlike ervaring om deel te kon wees van die grootste oes wat SSK tot dusver hanteer het in 2023.

**WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?**

In die volgende vyf jaar sien ek dat SSK nog steeds vooruitgang beleef, ontwikkel en 'n betekenisvolle impak op die gemeenskap maak. Ek streef daarna om n belangrike rol te speel in die groei en ontwikkeling van ons koöperasie, deur my ervaring en vaardighede te gebruik om nuwe geleenthede te identifiseer en te benut.



Jason saam sy gesin, Lindie, Reinhardt en Luwandrè Smith

**WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?**

Die beste raad wat ek al ontvang het was van my pa af. Hy het gesê "Conquer your fear and live your dream". 'n Mens is partykeer bang om die volgende stap in jou lewe of loopbaan te neem, maar sodra jy oor die vrees kom is daar min goed wat in jou pad kan staan.

**WAT WEET MIN MENSE VAN JOU?**

Min mense weet dat ek 'n passie het vir die studie van die Tweede Wêreldoorlog en dat ek 'n diepgaande belangstelling het in die historiese gebeure en die impak daarvan op die wêreld.

## DER KELDERMEISTER
# TOP 10 WINES

1. Van Loveren Java Pinotage
2. Jakkalsvlei Pink Moscato
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. Perdeberg Soft Smooth Red
5. Van Loveren Neil's Pick Colombar
6. Jakkalsvlei White Moscato
7. Van Loveren River Red
8. Boplaas Pink Moscato Frizzante
9. Boplaas Stoepsit Sauvignon Blanc
10. Van Loveren Daydream Chardonnay Pinot Noir

# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | FEB 2024 | MAART 2024 | APRIL 2024 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 31 | 39 | 146 |
| Albertinia | 54 | 66 | 49 |
| Ashton | 10 | 59 | 81 |
| Avontuur | 65 | 45 | 174 |
| George | 34 | 17 | 152 |
| Heidelberg | 14 | 44 | 54 |
| Herold | 21 | 30 | 153 |
| Joubertina | 11 | 19 | 71 |
| Karringmelks | 30 | 51 | 63 |
| Knysna | 55 | 62 | 192 |
| Krakeel | 13 | 16 | 77 |
| Krombeksrivier | 9 | 55 | 39 |
| Misgund | 11 | 48 | 162 |
| Mosselbaai | 56 | 69 | 81 |
| Protem | 16 | 61 | 92 |
| Plettenbergbaai | 15 | 15 | 86 |
| Riversdal | 22 | 46 | 39 |
| Swellendam | 21 | 73 | 67 |
| Uniondale | 0 | 21 | 117 |

Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.

# INTERESSANTE GESKIEDENIS UIT DIE OU DAE

Julle het moontlik al gewonder oor die goeie teerpad vanaf Herbertsdale tot net oor die brug oor die Gouritsrivier by Die Poort? Die stukkie geskiedenis uit die ou dae is deur Harry Viljoen destydse Ingenieur: Kaapse Provinsiale Paaie met ons gedeel:

"Daar is in die sestigerjare besluit dat daar strategiese verbindingsroetes tussen die belangrikste provinsiale grootpaaie, nou bekend as die N2 en N1 moet wees. Die eerste projek was 'n teerpad vanaf Beaufort-Wes, deur Meiringspoort en Oudtshoorn na George. Die tweede pad was vanaf Worcester deur Robertson en Ashton na Swellendam. Die derde beplande roete was 'n regstreekste verbinding tussen Laingsburg en Mosselbaai via Vanwyksdorp en Herbertsdale. Groot gedeeltes was reeds gebou toe die Laingsburgvloed in 1981 bevestig het dat dit feitlik onmoontlik is om die gedeelte deur die Buffelsrivierpoort vloedbestand te bou. Die beplande Buffelspoortpas word vandag nog "die pas wat nooit was, en nooit sal wees nie" genoem.

Dit is 'n interessante storie/projek van die verre verlede wat met groot geesdrif beplan, ontwerp en hoofsaaklik deur Afdelingsrade in fases gebou is. Die Laingsburgvloedwater van 1981 het egter die pad deur Buffelspoort en Gouritspoort "gekelder" en nét konstruksie wat reeds aan die gang was, is voltooi. So is daar in die streek gedeeltes van die deurpad gebou wat nou eintlik vreemd lyk omdat daar so min verkeer is. Uiteindelik tot voordeel van die plaaslike gemeenskap".

'n Alternatiewe teerpad is wel agterna gebou vanaf die R62 oor die Garciapas tot in Riversdal.



Gouritsrivier-brug by Die Poort




Beplande roete

# WONDERING ABOUT THE WONDERBOOM?




On your way from Willowmore to Aberdeen on the N9, you would have noticed a fenced-in tree on the left with the signpost "Wonderboom". What makes this spot unique is the fact that there are two trees, a Ghwarrie Tree (Eudia Undulate) and a Shephard's Tree (Boscia Oleolides also called a Witgat) that grow next to each other here. The Shephard's Tree has three stems coming up out of the ground. Two of the stems have joined each other, forming "an eye of the needle" and the third stem has grown through the "eye" forming the "thread". The Ghwarrie tree merely keeps the Shephard tree company.

This unique tree was discovered when the road between Willowmore and Aberdeen was built in roughly1906. At that time, it was already a mature tree. Fairly little attention was given to it until the road was tarred in 1961. In recent years the tree was fenced off to protect it from being grazed and destructed. It is difficult to determine the age of the tree, because of its slow growth rate. The "Wonder Tree" can thus be hundreds of years old.

https://www.karooheartland.com/listings/die-wonderboom/



# SSK GHOLFDAG UNIONDALE

SSK bied elke 2de jaar 'n SSK Gholfdag in Uniondale aan. Hierdie jaar was weer 'n fees van kuier en gholf speel op 11 Mei 2024.



**Jaco du Plessis, Matt Zondagh, Renaldo Giles, Jan Burger en Alfred Strydom.**



**Pieter Snyman, Jompie Johnston, Jaco Jonker en Christo Carstens.**




**Christiaan Barnardt, Stefan Stander, Kobus Lötter en Gerhard Coetzee.**




**Barry Marais en Andre Burger.**



**David Baldie, Robin Baldie, Cheetah Strydom en Jan Hendrik Crous.**



**Wian en Sunelle van Schalkwyk saam Louise en Johan Muller van Mosselbaai.**



**Matthew Zondagh, Stefan Wille, Bernard Marais en Lohan Stander.**



**Johannes Stegman, JC Koortsen, Gerrit Janse van Rensburg (Junior) en Gerrit Janse van Rensburg (Senior).**

## SSK VERSEKERING PRESTEER



**Baie geluk aan die SSK Versekering-span met 'n Old Mutual Insure goue toekenning vir Outsource Business en 'n brons toekenning vir On Platform. Dit het harde werk en toewyding gekos!**

**V.l.n.r: David Pedra (Executive Outsource Business Solutions), Mic Gildenhuys (Bestuurder: SSK Versekering), Richard Beukes (Retail Manager West Coast)**

## SSK BY DIE GOSA SIMPOSIUM



**Henry Gale (Senior Bestuurder: Graan) en Petrus Boshoff (Bestuurder Voorraad en Logistiek: Graan) by die GOSA Simposium in Stellenbosch.**

## PAMPOEN BIELIES OP DIE PAMPOENFEES




Pieter Conradie, wingerdboer van Nuy en SSK-lid is nie net die pampoenkoning van Suid-Afrika nie, hy het sommer die Suidelike Halfrond titel ook gewen met sy reuse pampoen van 967,5kg wat alle rekords laat spat het. By die jaarlikse Pampoenfees op Heidelberg het sy pampoen die vorige Suidelike-Halfrond rekord met 'n volle 60kg oorskry. Dié rekord het behoort aan Willem le Grange, ook 'n SSK-lid van Brandwacht. Pieter vertel dat 'n werker op die plaas, John Booysen wat hom deur die jare baie gehelp het met die pampoen kwekery, dié jaar besluit het om self ook 'n pampoen in te skryf. John behaal toe 'n tweede plek met 'n allemintige 829,5 kg bielie van 'n pampoen.

Pieter en John beplan al klaar aan hulle pampoene vir 2025 en gaan beslis weer inskryf. Die pampoene word jaarliks na afloop van die kompetisie aan plaaslike kinderhuise en ouetehuise geskenk, nadat die sade vir hergebruik verwyder is. Erenst Pelser, Pieter se skoonpa en vorige Hoof Uitvoerende beampte van SSK vertel dat hulle baie trots op hulle skoonseun se prestasie is.



**Cowboys in ligte luim by die Kwagga trust se Cowboy Saloon.**

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za